Ontmoeting 20

Die gelykenis van die twee fondamente

Die kinders besef dat hul lewens op God as die ewige en vaste rots gebou moet word en nie op tydelike dinge nie.

Teks: Matteus 7:24-28; Lukas 6:47-49; 2 Samuel 22:2

Hulpmiddels:

- 2 groot plat bakke waarin twee verskillende huise se fondamente “gebou” kan word
- 3 groot klippe in ‘n houer
- ‘n Houer met sand
- 2 polistereen glasies waarop ‘n deur en vensters met koki geteken is, sodat dit soos huisies lyk
- Dakkies kan ook met karton gemaak word
- Bottel met water
- Woordstroke soos in die les verduidelik
- (Woordstroke kan gelamineer word of woorde kan oorgeskryf word op stroke karton of plastiek wat bv. uit ‘n roomysbak-deksel gesny word.)
- Jenga stel, houtblokkies of bokse vir kinders om torings te bou.
- Genoeg klippe sodat elke kind een kan versier
- Koki’s of verf om die klippe te versier

WELKOM

Die kinders word in groepe opgedeel. Elke groep kry ‘n aantal blokkies of bokse. Kyk watter groep die hoogste toring kan bou sonder dat dit omval.

WYDING

Sing: “Bou op die rots en tog nie op die sand”
“Die wyse man bou sy huis op die rots”
“Ons bou altyd dag na dag, smôrens vroeg tot in die nag”

Sing die **temalied** en doen die **stilword-gebed** soos by ontmoeting 15.

WOORD

Wie van julle hou van eksperimente? Ons gaan vandag ‘n lekker huis-bou eksperiment doen. Maar dit is nie sommer so eenvoudig nie. Ons sal moet gaan kyk watter huis die beste sal kan bly staan as daar ‘n storm en vloedwater kom.
As ons ‘n huis wil bou wat lekker sterk moet kan staan, moet ons dink hoe ons die fondament gaan bou. Wat is ‘n fondament? Die fondament word onder die grond gebou en

dan word die huis daar bo-op gebou. *(Sit twee bakke op die tafel sodat die kinders mooi kan sien.)*
Net soos mense huise op verskillende soorte fondamente bou, so bou elkeen van ons ook ons lewens op verskillende dinge. Ons dink dat hierdie dinge ons gelukkig sal maak en sal help om sterk te kan staan as daar moeilikhede of storms in ons lewens kom.
Party mense bou hulle lewens op RYKDOM. Hulle dink as hulle net nog geld kan hê, dit hulle gelukkig en sterk sal maak. Dink julle dis 'n goeie fondament? Ons het geld baie nodig, maar dit moet nooit vir ons té belangrik wees nie. As rykdom vir jou te belangrik is, kan dit wees soos om jou huis op sand te bou. *(Gooi 'n bietjie sand in die bak en plak die woordstrook.)*
Party mense probeer baie dinge doen sodat ander moet dink hulle is goed genoeg en "cool" genoeg. Hulle dink GEWILDHEID sal hulle gelukkig maak. Kinders dink as hulle in die beste sportspanne kan wees of die 'coolste' klere kan dra of dinge kan doen wat ander se aandag trek, dit hulle gelukkig sal maak. As dit vir jou te belangrik is, is dit ook soos om jou huis op sand te bou. *(Gooi nog sand in die bak en plak die woordstrook op.)*
Party mense dink dat as hulle heeltyd dinge kan doen wat vir hulleself baie lekker is, dit hulle gelukkig kan maak. Hulle dink DIT GAAN NET OOR MYSELF. Baie kinders dink bv. hulle moet net dinge soos sekere "video games" hê en speel dan ure op selfone of rekenaars sonder om te dink hoe hulle dalk in die huis kan help. Hulle dink plesier sal hulle gelukkig maak, maar dit is ook maar 'n fondament van sand. *(Gooi nog sand in die bak en plak die woordstrook op.)*
Die Bybel leer ons dat mense wat hulle lewens op hierdie soort dinge bou, dwaas is. Dit is baie beter as jy jou lewe bou op iets wat vas en seker is. God wil vir jou 'n rots wees waarop jy jou lewe kan bou. Ons kan na 3 dinge kyk wat God vir jou wil gee.
Die eerste is GELOOF. *(Plaas die eerste klip in die bak en plak die woordstrook op.)* God wil hê dat jy in Hom moet glo as enigste redder en verlosser. Ons almal het gesondig en kan onsself nie red nie, maar Jesus het vir jou sondes aan die kruis gesterf en die dood oorwin. Handelinge 16:31 sê: "Glo in die Here Jesus en jy sal gered word." As jy dit glo, gee God ook aan jou die ewige lewe. Hierdie wete kan jou werklik gelukkig maak.
Die tweede is HOOP. *(Plaas die tweede klip in die bak en plak die woordstrook op.)* Om op God te hoop, beteken om te weet dat Hy altyd by jou is en jou met enigiets wat vir jou moeilik voel, kan help. Hebreërs 13:5b sê: "Die Here is my helper."
Die derde is LIEFDE. *(Plaas die derde klip in die bak en plak die woordstrook op.)* Jy kan weet dat God baie, baie lief is vir jou, net soos jy is. Jeremia 31:3 "Ek het jou lief met 'n liefde wat nooit ophou nie." Wanneer jy hierdie liefde aanvaar en ook met ander deel, is dit soos om jou lewe op 'n vaste rots te bou.
Mense wat hul lewens op hierdie dinge bou, is wys. Die Bybel sê dat wysheid begin met die dien van die Here. Om Hom te dien, beteken dat Hy die belangrikste in jou lewe is.
Reg, ons het nou hier twee bakke met twee soorte fondamente. Ons gaan nou ons twee huisies bo-op sit *(Plaas polistireen glasie huisies bo-op die sand en rotse onderskeidelik.)*
Nou kom die toets: Watter een sal kan bly staan as daar storms kom?
Onthou dat ons gesê het dat die huise soos ons lewens is. Watter soort moeilike dinge kan in ons lewens gebeur wat soos storms kan voel? *(Laat kinders reageer.)* Ja, dit kan bv. gebeur dat jou ma dalk baie siek raak en hospitaal toe moet gaan en dat dit baie moeilik is vir jou gesin. Dit kan gebeur dat jou pa nie werk het nie en dat julle sukkel om dinge te kan koop wat nodig is. Sulke dinge kan baie moeilik wees. (As die kinders iets noem, gee kans vir die ander kinders of bid self daarvoor as hulle nie vrymoedigheid het nie.)
So kom ons doen nou die toets. (Gooi water in die bak met sand en "roer" dit met jou hand sodat daar genoeg beweging is. Laat die kinders reageer.)
O gits, wat gebeur met die huis wat op sand gebou is? Dit kon nie staande bly in die vloedwater nie!
Kom ons kyk wat gebeur met die huis wat op 'n rots gebou is. (Gooi water in die ander bak met klippe en "roer" dit weer met jou hand.) Wat gebeur met die huis wat op die rots gebou is? Ja, dit bly staan!
Net so kan jy weet dat jy sterk kan staan in moeilike tye as jy jou lewe bou deur op God te vertrou. Jy kan wéét dat Hy altyd by jou is en altyd hoor as jy tot Hom bid. 2 Samuel 22:2 sê: "Die Here is my rots, my skuilplek en my redder."

Die kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder watter soort storms daar soms in jou lewe is.

2. Ek wonder wat dit beteken dat die Here jou rots is.
3. Ek wonder wat dit beteken dat die Here jou skuilplek is.
4. Ek wonder wat dit beteken dat die Here jou redder is.

WERSKAF

- Die kinders kry elkeen ‘n klip en teken dan die drie simbole daarop met koki’s of verf. Hulle kan ook hierdie woorde daarby skryf:
  Geloof (prentjie van kruis)
  Hoop (prentjie van anker)
  Liefde (prentjie van hartjie)
- Die kinders kry elkeen ‘n redelike groot klip en skryf 2 Samuel 22:2 daarop:
  2 Samuel 22:2
  Die Here is my rots,
  my skuilplek
  en my redder.
  Indien daar nie klippe beskikbaar is nie, kan hulle dit ook op papier doen.
- Inkleurprente.
- Vir die ouer kinders: Lees Ps 62 en skryf al die woorde neer wat God as rots beskryf. Rangskik dan die woorde om ‘n rots te vorm.

Seënbede:
Die kinders maak groepies van 3 of 4 en bid vir mekaar. Hulle kan bid dat God hulle sal help om hul lewens op Hom as vaste anker te bou.

Rykdom

Dit gaan net oor myself

Gewildheid

Geloof

Hoop

Liefde



REDDING STERKTE

VEILIGE ROTS

VESTING

PSALM 62

STEWIG

KRAG vas

TOEVLUG

Vertrou

stort julle hart voor Hom uit.

Vertrou altyd op Hom, my volk.

~ RUS ~